**Die bewaringsverbond met Noag (1) (OP135)**

**Gen 6:18-22, 8:20-9:17**

**25 Junie 2023**

Laasweek het ons begin om na die derde toledot in die boek Genesis te kyk. Hierdie toledot handel oor die familiegeskiedenis van Noag, en fokus hoofsaaklik op die sondvloed. Tot dusver het ons oorsigtelik na die sondvloedgebeure gekyk. Ons het geleer wie Noag was – ons het geleer dat Noag uit genade deur geloof in die beloftes van die Here geregverdig was – soortgelyk aan ons as gelowiges wat uit genade deur geloof in die verlossingswerk van die Here Jesus geregverdig word. Maar ons het ook geleer dat Noag steeds 'n sondaar was, soos ons. Ons het vervolgens na die struktuur van die vertelling van die sondvloed gekyk en gesien die struktuur bou in sewe trappe op na die klimaks van die vertelling. Die klimaks is bereik toe die vloed die oorhand oor die wêreld gehad het – en in die klimaks lees ons dat God aan Noag gedink het. Hierna het die waters geleidelik begin wegsak tot die aarde weer droog was. Ons sien dus dat God aan Noag gedink en genade aan hom bewys het tydens die piek van God se oordeel oor die goddelose mense. Gelowiges kan dieselfde verwag in die finale oordeel – God sal ook dan in genade aan hulle dink terwyl die goddelose die ewige dood tegemoet gaan. Ons het ook opgelet dat daar verskeie ooreenkomste is tussen die skeppingsgebeure in Gen 1, en die herskepping tydens die sondvloed. Ons het daaroor besin dat die sondvloed vooruit wys na die komende finale oordeel, en soos wat die herskepte wêreld na die sondvloed gevul is met regverdige mense soos Noag, so sal die nuwe aarde onder die nuwe hemel na die finale oordeel ook gevul word met regverdige mense, dit is met die ware gelowiges, dit is met die nageslag van die vrou.

In die beskrywing van die sondvloed lees ons dat die Here 'n verbond opgerig het met Noag. Ek wil vandag begin om te besin oor hierdie verbond met Noag. Kan ek jou net kortliks herinner dat ons in ons bestudering van Genesis reeds na twee verbonde gekyk het:

- Ons het na die skeppingsverbond gekyk wat die Here God ingestel het voor die sondeval. In hierdie verbond het die Here God Sy ideaal met die mensdom geopenbaar. Hy het van die mensdom verwag om te heers oor die skepping, om die aarde te onderwerp, en om die tuin te bewerk en te bewaak. Hy het ook verwag dat die mens vermeerder en die aarde moet vul. Die mens moes elke sewende dag rus om te besin oor waar hulle vandaan kom en waarheen hulle op pad is. En in dit alles moes hulle onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan die Here God. Hierdie verbond was 'n werksverbond.
- Na die sondeval, het ons gesien dat die Here God hierdie skeppingsverbond aangepas het na die verbond met Adam. Die verbond met Adam was 'n genadeverbond – want die Here God het die verantwoordelikheid op Homself geneem om toe te sien dat die mens hulle skeppingsopdragte suksesvol sal voltooi. Hy het beloof dat Een uit die nageslag van die vrou die duiwel sal oorwin, en Hy het aan die mens velklere voorsien – wat vooruit gekyk het na die geregtigheid wat die Here Jesus sou bewerk. Die Here God het die mens egter medewerkers gemaak in hierdie verbond, en daarom was die skeppingsopdragte steeds geldig – die verskil was egter dat die Here God onderneem het om toe te sien dat hulle dit suksesvol sou voltooi.

Die verbond met Noag, waarna ons nou wil kyk, is die volgende ontwikkeling in die Here God se genadeverbond. Dit bou voort op die verbond met Adam, en soos ons gesien het, het die verbond met Adam voortgebou op die skeppingsverbond. Ons gaan nie vandag na al die aspekte van die Noagverbond kyk nie – ons sal volgende keer hiermee voortgaan, en dan spesifiek kyk na die Here

se verwagtinge van die mens na die vloed as deel van hierdie verbond. Die benadering wat ek vandag wil volg, is om sistematies deur die beskrywing van die verbond te werk, en op verskeie punte gaan ons dit nodig vind om spesifieke aspekte in meer diepte te oordink. Aan die einde kan ons dan terugstaan en 'n geheelbeeld van die verbond vorm. Vandag gaan ons begin deur te kyk na wat ons van die verbond leer voor die vloed gekom het, en daarna gaan ons kyk na wat ons van die verbond leer na die vloed verby was.

Die Noagverbond – voor die vloed (Gen 6:18-22)

In die voorafgaande verse in Gen 6 lees ons dat die Here geoordeel het die aarde is deur en deur sleg en vol geweld, en gevolglik het die Here besluit om alle mense van die aarde af te verdelg. Die Here het egter ook aan Noag die opdrag gegee dat hy die ark moet bou volgens spesifieke voorskrifte, omdat die Here vloedwater gaan gebruik om alles op aarde wat die asem van lewe in hulle het, uit te delg. En dan kom vers 18, waar God sê: "Maar met jou (d.i. Noag) sluit Ek my verbond." Hierdie vers is die eerste keer in die Bybel dat die term "verbond" gebruik word. Julle sal onthou dat die term "verbond" nie eksplisiet gebruik is met die instel van die skeppingsverbond of die verbond met Adam nie – ons het die tipiese kenmerkende eienskappe van 'n verbond gebruik om af te lei dat daardie twee ooreenkomste verbonde was – maar hier in Gen 6:18 word dit spesifiek 'n verbond genoem. Let verder daarop dat die Here die inisiatief neem om die verbond op te rig – die Here sê vir Noag: "Ek sluit My verbond met jou". Nie net sluit die Here die verbond nie, Hy sê spesifiek ook dit is Sy verbond. Boonop is dit die Here wat hierdie verbond administreer – Hy gee voorskrifte aan Noag oor die doel met die ark, oor die voorskrifte vir die ark en oor wie in die ark moet ingaan. Dit is wat ons vroeër ook by die ander verbonde gesien het – die Here neem die inisiatief en Hy administreer die verbonde.

Kom ons kyk nou na die inhoud van die verbond soos wat die Here dit uitspel voor die koms van die vloed. Lees Gen 6:18-21. Die inhoud van die verbond is dat die Here, te midde van die komende oordeel oor die goddelose wêreld, vir Noag gaan spaar. Hy gaan vir Noag spaar deurdat Noag in die ark moet ingaan. Die ark is die manier waarop Noag gespaar sal word tydens die komende vloedwaters. Ons begin hier sien wat die doel met die Noagverbond is: dit handel oor die bewaring wat die Here bied. Hier voor die vloed, sien ons dit dat die Here onderneem om Noag te bewaar tydens die komende vloed. Later, na die vloed, sal ons sien dat hierdie doel van bewaring verder gaan as net die bewaring van Noag tydens die vloed. Hierdie fokus op bewaring in die Noagverbond, is die rede waarom die Noagverbond dikwels die bewaringsverbond genoem word.

Alhoewel die Here onderneem om Noag te bewaar, beteken dit nie Noag is passief nie – nee, hy moet die ark bou. Ja, dit is die Here wat die inisiatief neem om die verbond op te stel, ja, dit is die Here wat die verbond administreer en besluit hoe die ark gebou moet word, en wie in die ark moet ingaan, maar Noag moet die ark bou. Ons het in die verbond met Adam gesien dat die Here aan hulle velklere gegee het, wat vooruit gewys het na die bruilofsklere in Op 19, wat die regverdige dade van die gelowiges is – dit is dus God wat die dade gee, maar dit is die dade wat die gelowiges doen. Ons sien dit ook hier met Noag: die Here God sal Noag red uit die vloed, die Here God sal Noag deur die ark uit die vloed red, die Here God gee die voorskrifte vir hoe die ark gebou moet word – maar Noag moet die ark bou. Noag is die een wat begenadig word en gered word, maar hy is ook 'n medewerker in sy redding deurdat hy doen wat God aan hom voorskryf. Inderdaad is die verbond met Noag 'n genadeverbond – immers word Noag uit genade gered deurdat hy God se beloftes glo, maar hy moet steeds die ark bou om gered te word. Die feit dat ons deur God uit genade gered word, beteken ook nie ons is passief in ons redding nie. Nee, ons geloof waardeur ons verlos word, gaan oor in dade.

Ons lees dat Noag nie alleen in die ark ingegaan het nie. Nee, sy vrou, sy drie seuns en hulle drie vrouens het saam met Noag in die ark ingegaan, asook die diere – 'n manlike en vroulike dier uit al die verskillende voëls en diere op die aarde. Uit hoofstuk 7 blyk dit dat daar van die rein diere sewe pare diere in die ark gegaan het. En boonop moes Noag ook al die kos wat hulle en die diere moes eet, saam neem in die ark. Dit alles onderstreep verder die bewaringsfokus van die Noagverbond: Deurdat Noag saam met sy gesin in die ark gegaan het, sou dit moontlik wees dat die mensdom na die sondvloed sou kon bly voorbestaan. Die feit dat die diere in pare in die ark geneem moes word, sou dit moontlik maak dat al die verskillende diere na die vloed kon bly voortbestaan. Die feit dat daar kos in die ark was, het dit moontlik gemaak dat al die lewe in die ark kon bly voortbestaan tydens die vloed. Te midde van die oordeel waarin God die boosheid uitdelg, bewaar God egter die verskillende vorms van lewe – selfs die lewens van onrein diere.

Maar hier is 'n saak waaroor ons in meer detail moet besin. Ons lees telkens dat Noag en sy vrou en sy seuns en sy skoondogters in die ark was en bewaar is. Dit word herhaalde male onderstreep. Kyk na die volgende plekke: Gen 6:18, 7:1, 7:7, 7:13, 8:16 en 8:18. Dit is onmiskenbaar duidelik: Noag se gesin word saam met Noag bewaar. Die vraag is: wat moet ons leer uit die feit dat Noag se gesin ook bewaar is? Beteken dit God red gesinne – eerder as individue? Wat die saak nog verder kompliseer is Gen 7:1 "Die Here het toe vir Noag gesê: 'Gaan jy en jou hele gesin in die ark in; want in hierdie geslag het Ek net jou voor My regverdig bevind.'" Hierdie vers sê die Here het net vir Noag (die "jou" in die vers is enkelvoud) regverdig bevind – en tog spaar die Here ook Noag se gesin se lewens. Word hulle lewens gespaar omdat Noag as hoof van die huisgesin regverdig was? Is dit hoe God red: As die pa en/of ma in 'n huisgesin glo, word die hele huisgesin gered? Is dit nie in lyn met wat Paulus en Silas vir die tronkbewaarder in Hand 16:31 gesê het nie: "Glo in die Here Jesus, en jy en jou hele huishouding sal verlos word"? Is dit nie in lyn met wat Paulus in 1 Kor 7:14 geskryf het nie: "Die ongelowige man is immers deur sy gelowige vrou geheilig, en die ongelowige vrou is deur haar gelowige man geheilig; anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig"?

Kan ek jou egter ook herinner aan die volgende insidente in die Ou Testament: In Eseg 14:20 lees ons: "en (selfs as) Noag, Danel en Job in die land is, so seker as wat Ek leef, is die uitspraak van my Heer, die Here, sal hulle nóg 'n seun nóg 'n dogter red. Selfs hulle sal deur hulle geregtigheid net hulle eie lewens red". Hier is 'n uitspraak van die Here self: as Hy kom om te oordeel sal selfs iemand soos Noag net homself kan red deur sy geregtigheid (wat hy natuurlik uit genade deur geloof ontvang het), selfs Noag sal nie 'n seun of 'n dogter kan red nie. Dink verder daaraan: Gam was een van Noag se seuns, hy was een van die seuns wat in die ark was – maar Gen 9:18 sê hy was die voorvader van Kanaän, en dus kan ons aflei dat Gam se nageslag nie gered is nie. Of dink aan die gebeure in Gen 19 toe die Here vir Sodom verwoes het: Lot en sy dogters is gered, maar sy skoonseuns het in Sodom gesterf, en sy vrou het in 'n soutpilaar verander – hulle gesin is nie almal gered nie. Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat God nie gesinne of families red nie – nee, God red individue.

Wel, hoe moet ons dit dan verstaan dat Noag en sy gesin gered is? Wel, ten minste moet ons raaksien dat elkeen van Noag se gesinslede gewillig in die ark ingegaan het – dit is anders as Lot se vrou of skoonseuns. In die lig van Eseg 14 wat duidelik leer dat selfs Noag nie 'n seun of dogter kan red nie, moet ons dus aflei dat Noag se gesin ook oortuig was van God se komende oordeel, en dat hulle oortuig was dat hulle alleen gered kon word deurdat hulle die verlossing wat die Here aan hulle gebied het, omhels. Alhoewel dit so is dat elke individuele lid van 'n gesin moet glo om gered te word, is dit egter ook so dat die Here juis deur die instelling van die huisgesin individue konfronteer. Ek glo dit is wat 1 Kor 7 bedoel as dit sê 'n ongelowige huweliksmaat word geheilig deur 'n gelowige huweliksmaat. Die ongelowige huweliksmaat word gekonfronteer met die Here en

Sy verlossingswerk deur die gelowige huweliksmaat – Petrus skryf in 1 Pet 3:1-2 dat ongelowige mans gewen kan word deurdat hulle gekonfronteer word deur die rein, eerbiedige leefwyse van hulle gelowige vrouens. Dit is 'n voorreg vir 'n ongelowige om deel te wees van 'n gelowige huisgesin – want so 'n persoon word in die huisgesin gekonfronteer met die Here en Sy werk, en dit kan lei tot geloof vir die ongelowige gesinslid. Ek dink ons kan selfs so ver gaan om te sê die Here werk graag binne gesinsverband. Dit is waar kinders geleer moet word om die Here te dien. Dit is waar ongelowige gesinslede met die Here gekonfronteer word.

Dit is soortgelyk aan wat Paulus in Rom 9:4-5 skryf oor die Jode/Israeliete. Paulus se argument is daar dat alhoewel dit so is dat Jode en heidene op dieselfde manier gereinig word deurdat beide in die Here Jesus moet glo, is daar voordele aan om van Joodse afkoms te wees – want dit is aan hulle wat die Here Sy heerlikheid bewys het, die verbonde gegee het, Sy wette gegee het, die tempeldiens gegee het, sy beloftes gegee het, die voorvaders gegee het, en uit wie se nageslag die Christus gebore is. Dit is 'n groot voorreg om al hierdie dinge eerstehands te kon ervaar – maar 'n Jood moet steeds tot geloof in Jesus kom om gered te word.

<u>Die Noagverbond – na die vloed (Gen 8:20-22, 9:8-17)</u>

Lees Gen 8:20-22. Na die vloed verby is en Noag-hulle uit die ark gegaan het, bring Noag aan die Here 'n offer uit die rein diere en voëls. Hierdie offers was 'n aangename geur voor die Here. Dit herinner aan die offer wat Abel destyds vir die Here gebring het, en wat gunstig deur die Here beskou is. Hierna maak die Here die volgende uitspraak: "Ek sal nooit weer die grond vervloek vanweë die mens nie, alhoewel die mans se hart van sy jeug af neig na wat boos is. Ek sal nooit weer alles wat lewe tref, soos Ek gedoen het nie. Al die dae wat die aarde nog daar is, sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie." Hierdie verse gee vir ons verdere insig in die inhoud van die verbond met Noag. Die Here beloof hier om nooit weer die grond te vervloek nie. Wat nie duidelik in die Afrikaans is nie, is dat die woord wat hier met "vervloek" vertaal is, nie dieselfde woord is wat in Gen 3:17 gebruik is toe die Here die grond na die sondvloed vervloek het nie. In Gen 3:17 het die Here die grond getref sodat dit voortaan slegte gevolge vir die mens sal inhou. Die betekenis van die woord hier in Gen 8:21 is egter anders, naamlik dat die Here onderneem om nie weer die aarde met minagting te behandel nie. Die Here hef dus nie hier die vervloeking van die grond na die sondeval op nie. Die Here beloof hier dat hy nie weer al die lewe op die aarde sal tref soos wat Hy sopas met die vloed gedoen het nie.

Waar vers 21 verduidelik wat die Here nie weer sal doen nie, verduidelik vers 22 wat die Here beloof om wel te doen: Die Here beloof dat saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie sal ophou nie – nee, die Here sal dit in standhou. Vir hoe lank sal die Here dit instand hou? Vir al die dae wat die aarde bestaan! M.a.w. die Here beloof dat vir solank as wat die aarde bestaan, sal daar dag en nag wees, sal daar seisoene wees met hulle verskillende weerpatrone, en dit sal tot gevolg hê dat die mens kan saai en oes. Ja, dit sal nog gepaardgaan met 'n geswoeg, en dit sal gebeur in die sweet van die mens se aangesig – maar daar sal reëlmaat in die skepping wees sodat die mens die skepping kan bewerk, daaroor kan heers en dus kan lewe. Netsoos wat ons voor die vloed gesien het dat die Here aan Noag beloof het om hom te bewaar tydens die vloed, sien ons hier na die vloed dat die Here beloof om die aarde in stand te hou en dus beloof om die lewe van die mensdom te bewaar vir solank die aarde bestaan. Weereens word dit duidelik hoekom hierdie verbond die bewaringsverbond genoem word.

Kom ons lees Gen 9:8-11. Vers 11 beskryf weereens vir ons die inhoud van die verbond: "Nooit weer sal alle vlees deur die waters van die vloed uitgeroei word nie; ja, daar sal nie weer 'n vloed

wees om die aarde te verdelg nie.” Ek glo dit is duidelik: Die Here beloof daar sal nie weer ‘n sondvloed wees wat alle vlees sal uitroei nie.

Let ook op met wie God hierdie verbond sluit: Verse 9-10 verduidelik dat God dit sluit met: “julle” (dit is met Noag en sy seuns), met hulle nageslag en met alle lewende wesens wat by hulle is – dit verwys na die diere wat saam met hulle in die ark was en waaruit die aarde se dierebevolking sou groei. Waar die Here die skeppingsverbond en die verbond met Adam opgerig het tussen Homself en Adam/Eva as verteenwoordigers van die mensdom, sluit die Here die Noagverbond met Noag en sy seuns as verteenwoordigers van die mensdom, maar ook met die diere as die verteenwoordigers van al die ander lewende wesens in die skepping. Die Here doen dit omdat die skepping die instrument was waarmee Hy sopas geoordeel het, en die meeste diere het ook in die sondvloed omgekom. Nie net beloof die Here dat die mensdom nie weer in ‘n sondvloed uitgewis sal word nie, dieselfde is ook waar van die diere.

Kom ons staan nou terug en besin oor wat hier besig is om te gebeur. Sopas het die Here die sondvloed gestuur. Die Here het dit gestuur omdat die mens altyd in sy hart net bedink wat sleg is. Gevolglik het God geoordeel, die sondvloed gestuur en die mensdom, uitgesluit Noag en sy gesin, uitgewis. Die sondvloed was God se oordeel oor die boosheid van die mense. Maar nou beloof God dat Hy nie weer ‘n sondvloed gaan stuur om alle lewe uit te wis nie. Beteken dit dat God nie weer gaan oordeel nie? Nee. In 2 Pet 3 lees ons van mense wat spottenderwys bevraagteken of die wederkoms ooit sal gebeur, siende dat dit nou al vir solank nie gebeur het nie. En dan lees ons in 2 Pet 3:6-7: “En deur hierdie dinge is die antieke wêreld deur water oorstroom, en het dit vergaan (duidelik verwys dit na die sondvloed), maar die huidige hemel en die aarde word deur dieselfde woord vir vuur opsy gesit; dit word bewaar vir die oordeelsdag en die vernietiging van die goddeloses”. Hoor jy dit: die hemel en die aarde word bewaar vir die oordeelsdag en die vernietiging van die goddeloses. Dit is die inhoud van die Noagverbond: die hemel en die aarde, dag en nag, somer en winter, saaityd en oestyd word bewaar – dit word bewaar vir solank daar ‘n aarde is – dit word bewaar vir die oordeelsdag – dit word bewaar vir die dag van vernietiging van die goddeloses – soos wat die goddeloses sopas in die sondvloed gesterf het. Die inhoud van die Noagverbond is dat God die hemel en die aarde in stand sal hou tot die einde van die bestaan van die aarde, tot dan sal Hy nie weer die ganse mensdom uitwis nie, nee, Hy sal wag om te oordeel tot aan die einde van die aarde se bestaan – maar dán gáán Hy oordeel. Die Here God beloof om Sy oordeel uit te stel, Hy beloof nie om dit af te stel nie.

‘n Volgende vraag wat ons kan vra is: Hoekom is dit nodig dat God weer sal moet oordeel? Is al die bose mense dan nie dood tydens die sondvloed nie? Is die probleem van goddeloosheid dan nie uitgewis met die sondvloed nie? Is Noag dan nie regverdig nie? Het sy gesin dan nie die verlossing van die Here aangegryp toe hulle in die ark ingegaan het nie? Is daar nie nou net regverdige mense op die aarde nie? Wel lees weer Gen 8:21: “Ek sal nooit weer die grond vervloek vanweë die mens nie, alhoewel die mens se hart van sy jeug af neig na wat boos is”. Die probleem is die mens se hart neig van sy jeug af na wat boos is. Dit het al duidelik geword in die tuin van Eden, dit het duidelik geword in Kain, dit het duidelik geword in Kain se nageslag, dit het selfs duidelik geword in Set se nageslag. Dit was so erg dat die mense altyd net bedink het wat sleg is. Alhoewel die sondvloed hierdie goddelose mense verwyder het van die aarde, het die oordeel van die Here met die sondvloed niks verander aan die harte van mense nie. As die boosheid van die mens so erg is dat hulle kon vorder van die tuin van Eden tot om altyd net te bedink wat sleg is, is daar geen rede om te dink dat dit nie weer sal gebeur na die sondvloed nie. Trouens Gen 9 vertel vir ons later dat selfs die regverdige Noag kort voor lank in sonde geval het. Omdat die oordeel tydens die sondvloed niks fundamenteel in die harte van mense verander het nie, is die verwagting dat die boosheid weer

gaan toeneem. Al wat die sondvloed vermag het, was om op daardie punt in die geskiedenis die goddeloosheid wat toe bestaan het, weg te neem. Dit het die toename in boosheid tydelik gestuit. Maar kort voor lank sal dit weer nodig wees om 'n sondvloed te stuur om die hernude boosheid aan te spreek. Die verstommende van die verbond met Noag is dat die Here beloof dit is presies wat Hy nie gaan doen nie. Hy gaan nie weer 'n sondvloed stuur nie!

Dit laat ons die vraag vra: Hoekom het God dan wel hierdie eenkeer die sondvloed gestuur? Het Hy dan nie geweet dit sal nie effektief wees om die boosheid stop te sit nie? Natuurlik het Hy geweet. Weereens, is dit nie openbaringsgeskiedenis waaruit God moet leer nie, nee hierdie is openbaringsgeskiedenis waaruit ons as mense moet leer – trouens dit is God wat besig is om ons te leer! Wat ons moet leer is dat God gaan oordeel – dit kom beslis. Wat ons ook moet leer is dat God Sy oordeel uitstel. Hy leer ons dat Hy dit uitstel tot met die einde van die aarde. Sien, die Here het in Noag se dae al geweet van daardie mense in Petrus se dae wat gaan spot en sê die Here gaan nie oordeel nie. Hy het vir hulle in Noag se dae al gewys Hy gáán oordeel – maar Hy stel dit uit solank die aarde nog bestaan.

Die volgende vraag wat ons dan wil vra, is: Hoekom stel die Here Sy oordeel uit? Wel, onthou die Here se einddoel met die ganse skepping: Die aarde moet gevul word met Sy heerlikheid, die aarde moet gevul word met mense wat oortuig is Hy is waardig om verheerlik te word. Vir hierdie doel om te realiseer moet die mensdom steeds vermeerder en die aarde vul. Hierdie doel sal nie realiseer as die Here kort-kort 'n oordeel moet stuur om die boosheid uit te wis en dan weer van vooraf die aarde moet bevolk nie. Nee, dit sal net realiseer as die Here tydelik Sy oordeel uitstel, en as die Here dan die tyd wat sodoende geskep word voor die oordeel kom, gebruik om iets meer te doen wat wel effektief die boosheid van die harte van die mensdom sal aanspreek. Die detail van hierdie werk word die onderwerp van opvolgende verbonde – die verbond met Abraham, die Sinaiverbond, die verbond met Dawid – en dan die volle realisering in die nuwe verbond. Die wysheid van God in die Noagverbond is om genadetyd te skep waartydens Hy Sy verlossingsplan vir die mens bekend kan maak, dit kan implementeer deur die werk van Sy Seun en die Heilige Gees, en sodoende die boosheid in die harte van die nageslag van die vrou effektief kan aanspreek, voordat Hy finaal gaan oordeel om die wat deel is van die nageslag van die duiwel finaal uit te wis, maar diegene uit die nageslag van die vrou te bewaar tydens daardie oordeel, sodat Hy hulle kan gebruik om die nuwe hemel en aarde te vul, sodat Sy heerlikheid daardie hemel en aarde sal vul. Ek glo dit is duidelik dat hierdie verbond ook 'n genadeverbond is, en deel uitmaak van die Here se oorkoepelende genadeverbond.

Lees Gen 9:12-17. In hierdie verse lees ons dat God 'n teken ingestel het om te herinner aan die instelling van hierdie verbond. Ons het in die skeppingsverbond gesien dat die boom van die lewe en die boom van kennis van goed en kwaad die teken van daardie verbond was. In die verbond met Adam was die seilende slang die teken van die verbond, deurdat dit uitlig dat die duiwel verneder is en finaal oorwin sal word deur die Een uit die nageslag van die vrou. Die teken van die Noagverbond is die reënboog. Ons weet almal dat 'n reënboog sigbaar word wanneer daar wolke en reën in die lug is en die sonlig daarop val. Wolke en die gepaardgaande reën was juis die instrument van oordeel in die sondvloed. Enersyds herinner die reënboog dus aan die oordeel van die Here. Maar 'n reënboog is net sigbaar as die sonlig op die reën val en die lig opgebreek word in sy volle spektrum. 'n Reënboog herinner dus ook aan die storm wat verbygaan en dat die son weer sal skyn. Daar is dus hoop na die oordeel. Daarom is die reënboog so 'n effektiewe teken om te herinner aan die verbond met Noag – die oordeel kom, maar daar is ook die vooruitsig van lewe na die oordeel. Immers is Noag en sy gesin in die oordeel gespaar. Immers kan die nageslag van die vrou verwag om in die finale oordeel bewaar te word.

Die verstommende vir my as ek lees van die reënboog, is wat ons lees in verse 14-16: "Wanneer Ek wolke laat saampak oor die aarde, en die boog verskyn in die wolke, sal Ek My verbond onthou wat daar is tussen My en julle en elke lewende wese, ja, alle vlees. Die waters sal nie weer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie. Wanneer die boog in die wolke is, sal Ek dit sien, om so herinner te word aan die ewigdurende verbond tussen God en alle lewende wesens, alle vlees wat op die aarde is." Die reënboog is 'n teken primêr om die Here te herinner aan hierdie verbond. Die bome in die tuin moes Adam en Eva herinner aan hulle opdragte, die seilende slang moet ons herinner aan die finale oorwinning oor die duiwel, die besnydenis in die Abrahamverbond is om Abraham en sy nageslag te herinner aan die beloftes van die Here – maar die reënboog is die teken wat die Here moet herinner – dit moet die Here herinner as Sy heiligheid en Sy regverdigheid eis dat Hy moet optree teen die boosheid van die mensdom om nie direk te oordeel nie. Dit herinner die Here dat Hy beloof het om tydelik die sonde ongestraf laat, sodat Hy effektiewe verlossing kan bewerk vir die nageslag van die vrou.

Geliefdes, natuurlik mag ons ook deur die reënboog herinner word aan die Noagverbond. Gewoonlik dink ons aan die feit dat die reënboog die Here se verbondsteken is dat Hy nie weer die aarde deur 'n sondvloed sal laat vergaan nie, en dat Hy alles in stand sal hou – en dit is sekerlik waar. Maar die feit dat die Here die teken gebruik om Homself te herinner aan Sy verbond onderstreep die ander realiteit van die Noagverbond: Die Here gáán oordeel – dit is wat Sy hele wese vereis. Die reënboog herinner die Here daaraan dat die oordeel tydelik uitgestel is. Die reënboog behoort ons daarom ook te herinner aan die komende oordeel – ja, dit moet ons herinner daar is steeds genadetyd, maar die genadetyd gaan uitloop. Immers leef ons reeds in die laaste dae.